SÊ JOU SÊ!

# VOORGESTELDE TYDELIKE SLUITING VAN DUIKWEë IN WYNBERG EN SOUTHFIELD

Die Stad se direktoraat stedelike mobiliteit nooi inwoners en padgebruikers in die Wynberg- en Southfield-gebied om kommentaar te lewer op sy voorstel oor die tydelike sluiting van die duikweë hier onder genoem:

1) Piersweg-duikweg – Wynberg
2) Yorkweg-duikweg – Wynberg
3) Tivertonweg-duikweg – Wynberg
4) Narunasingel-duikweg – Southfield

**Die redes vir die voorgestelde tydelike sluitings is:**

- Onwettige gebruik van die duikweë
- Vandalisme van infrastruktuur/pompe, elektriese toevoer, beligting
- Groter voetgangerveiligheid
- Onwettige bewoners
- Onveilige toestande - rooftogte
- Alternatiewe roetes naby

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied om kommentaar, aanbevelings of insette oor die voorgestelde tydelike sluiting van duikweë aan die munisipaliteit voor te lê vanaf 3 November 2025 tot 4 Desember 2025.

Belanghebbende en geraakte partye kan die ontwerpe van die betrokke duikweë op www.capetown.gov.za/haveyoursay besigtig.

**Kommentaar, aanbevelings of insette kan soos volg ingedien word (meld verwysing 110252610):**

E-pos: RIM.PTI.Communication@capetown.gov.za
Aanlyn: www.capetown.gov.za/haveyoursay of skandeer die QR-kode
Skriftelike voorlegging: Waalstraat 44, 6de vloer, Keller House, Kaapstad 8001
Subraad 20: Alphen-sentrum, Constantia-hoofweg, Constantia
Biblioteke: Plumstead- openbare biblioteek, The Village Square, Yudelmanslaan, Plumstead; Wynberg- openbare biblioteek, Glarenweg, Wynberg; en Southfield- openbare biblioteek, Cassinoweg, Plumstead

bitly

Spesiale bystand sal verleen word aan diegene wat nie kan skryf of lees nie, diegene met gestremdhede en ander benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, sodat hulle insette of kommentaar aangeteken en aan die munisipaliteit voorgelê kan word. Kontak die eenheid vir openbare deelname se Anthea Bendie by 021 400 1450 of anthea.bendie@capetown.gov.za.

**Vir tegniese navrae kontak Dieter Fritz by 021 444 5084 of RIM.PTI.Communication@capetown.gov.za vir nog inligting.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA211/2025

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**